

Is
Egipte
in die
Hemel ?
Geskryf deur
Louwrens Erasmus©

Is Egipte in die hemel?

Kopiereg © 2018 deur Louwrens Erasmus

Gepubliseer deur Shama Ministries 023359 NPO

Kopiereg © deur Louwrens Erasmus  (April 2024)
Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik.
Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding
met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.
My lewe het in 1995 ‘n drastiese wending geneem na ‘n nood operasie vir my blindederm. Toe ek my oë oopmaak na die operasie het die dokter my vertel dt ek baie gelukkig kan wees, aangesien hulle nie net my blindederm kon verwyder het nie, maar ook so ‘n meter van my dunderm wat ‘n kanker gewas gehad het. Indien hulle dit nie gevind het nie, sou ek heel moontlik binne ‘n jaar van kanker gesterf het. Nie die sort van nuus wat jy verwag nie.

So ek lei aan ‘n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval.

Ek glo nie iemand is gereed om op 44 jarige leeftyd te hoor dat jy gaan sterf nie. Dit het my gedwing om seker te maak dat die dag wanneer ek my oë toemaak op hierdie aarde, ek by my verlosser en saligmaker, Jesus sal wees. So al die boeke wat u hier sal vind by www.shama.org.za het ek geskryf in my soeke na dit wat vir my die sekerheid sou gee dat ek saam met Jesus, die Vader en al die gelowiges in die agste dag, die dag sonder begin en einde, sal wees.

Behalwe vir ‘n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou in die tussen tyd haar eie stryd met kanker gehad het. Sy het ‘n bilaterale mastektomie ondergaan, en is vandag kanker vry, maar met baie lelike operasie wonde wat dit ook onmoontlik maak om enige kuns borste te kan dra. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen ‘n tempo van 200+ per maand afgelaai.

Indien u ‘n bydrae aan ons wil maak sodat ek die nodige mediese behandeling kan ontvang om my stryd van dertig+ jare te vergemaklik, of om vir herstel werk by haar te kan doen, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik.Gebruik u foon se kamera om die QR kode te skandeer en dan vir ons ‘n bydrae te maak.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: https://www.facebook.com/ShamaMinistries

https://buymeacoffee.com/louwrens

Webtuiste by http://www.shama.org.za/

# Inhoud

Hoofstuk 1- Pretoria ..... 4
Hoofstuk 2 Egipte ..... 7
Hoofstuk 3 Assirië ..... 14
Hoofstuk 4 Edom ..... 17
Hoofstuk 5 Ammon en Moab ..... 20
Hoofstuk 6 Sidon en Tirus ..... 23
Hoofstuk 7 Jerusalem ..... 29
Opsomming en uitleg ..... 32
Donations / Donasies ..... 33
Gratis Afrikaanse boeke ..... 34

# HOOFSTUK 1- PRETORIA

31 Augustus 1995.

"Sjoe. Ek weet nie wat is fout vandag nie, maar ek het nogal baie seer? "Waar?" vra Hettie. "Net hier in my regter sy," sê ek en draai om en loop na Su-Hannie se kamer.

"My meisie, toe jy in Mei die probleem gehad het met jou blindederm, waar was dit orals seer, want ek wil nou nie snaaks wees nie, maar miskien het my ou derm ook besluit om tou op te gooi."

"Net hier so links voor my heup", antwoord sy. "Maar hoekom vra pa?"

"Man ek het wakker geword met hierdie vreeslike pyn, en sienende dat ek nog met my blindederm rondloop en ek nie jou probleem opgetel het as tiener nie, dink ek dat my liggaam nou eers agter gekom dat hy al 30 jaar terug my kon kasty het, en nou wil hy opmaak daarvoor."

So het die oggend maar aangegaan en het ek gelukkig vir my eers 'n kliënt in Pretoria gesien voor ek die pad na die kantoor in Rivonia aangepak het. Alles het soos normaal verloop, behalwe vir hierdie pyn in die regterkant van my buik.

So het ek maar later die oggend vir Hettie geskakel sodat sy 'n afspraak by die dokter kon maak vir later die middag, dat ek net kon uitvind wat die oorsaak van die pyn was.

Daar aangekom teen 5 uur die middag, was die voorlopige diagnose dan ook akute blindederm ontsteking, en het ek my tassie gaan pak om hospitaal toe te gaan sodat die chirurg my kon inpas tussen al sy ander gevalle die aand en die oorsaak uithaal en my so verlos van een baie groot seer.

By die hospitaal aangekom is ek amper dadelik op na die vloer waar al die operasie sale is, en het ek daar in die gang gelê en wag vir die dokter om gou 'n draai by my te maak.

"Naand sê, hoe gaan dit met die ou wat seer het?" het hy so 'n rukkie later gevra, en sy vinger hier teen my buik getik. "Klink vir my baie dof, so ek sal seker oor 'n uur of wat jou kom haal en baie gou die probleempie verwyder."

"Dankie dokter" was my antwoord terwyl hy weer terug stap na die operasiesaal toe.

So is Hettie maar huistoe en sou sy weer later skakel om te hoor hoe die operasie afgeloop het.

"Ma, wat eet ons vanaand?" Dit was die eerste vraag wat Hettie ontvang het toe sy by die huis instap. "O, en wat sê die dokter van pa?" was die volgende vraag nog voordat sy die eerste een kon beantwoord.

"Ek sal maar kyk wat ek gou vir ons aanmekaar kan slaan. Julle pa wag nog voor die operasiesaal. Hulle sal hom doen sodra hulle kans het", het Hettie maar geantwoord terwyl sy begin het om aandete voor te berei.

Sy het toe die kinders kos gee en gesorg dat hulle reg is vir more se skool.

"Eugene Marias hospitaal, waarmee kan ek help?" "Dis weer ek, Hettie. Is my man nou al terug in die saal?" Dit is die gesprek wat Hettie vir 'n baie lang tyd met die hospitaal gehad het. Uiteindelik teen 11:30 die aand het sy gehoor "Jou man is in die saal, hy het baie seer maar sal môre beter voel. Hy rus nou."

Vir my was dit verseker nie rustig nie, maar het hulle my ‘n goeie verdowing gegee en het ek eindelik aan die slaap geraak.

Die volgende oggend vroeg was die chirurg weer by my. “En, hoe voel jy vanoggend?” So ‘n bietjie seer”, was my antwoord.

En die volgende vraag, so sonder om my kans te gee om hom te antwoord was: “Weet jy hoe gelukkig is jy?” En toe begin hy my vertel wat gebeur het die vorige aand in die operasiesaal, en dat hy beide bly is en tog ook sleg voel oor die resultaat van die vorige aand.

Toe Hettie later die oggend met besoek tyd daar aankom, was dit vir my baie moelik om haar te vertel dat hulle nie net die blindederm uitgehaal het nie, maar terselfdertyd sowat ‘n meter van my dunderm verwyder het.

“Nou hoekom moes hulle dan van die dunderm ‘n stuk afsny?” was haar vraag en kon ek die skok in haar oë sien. “Hulle moes die derm korter maak want daar was ‘n kwaadaardige gewas van so dertig sentimeter aan die derm vas. En dan is dit nie al nie, ek sal oor ses tot agtweke weer moet deurloop onder die mes want hulle kon nie alles uitsny nie”, was al wat ek kon sê. En ja hulle moes ook seker maak dat die kanker nie al na my lewer en longe versprei het nie. Hulle het wel gesien dat daar nog kanker aan die derm was en dat daar ‘n hele paar limfkliere was wat ook moes uit.

Wat wel vir my ‘n baie groot vertroosting was, was dat die chirurg my vertel het dat hy eintlik so “per abuis” op die gewas afgekom het, en dat hy glo dat die HERE hulle daardie aand gebruik het om die kanker op te spoor. Hy het vertel dat hy gesukkel het om by die blindederm uit te kom en genoodsaak was om die snit groter te maak en toe ‘n gedeelte van die dunderm moes uitryg om plek te maak dat hy die blindederm in die hande kon kry. Terwyl hy die derm uitgeryg het het hy en die narkotiseer aan die gesels geraak en het hy baie meer uitgeryg as wat nodig was, en toe meteens hierdie gewas in sy hand gevoel het.

Ek is toe so ‘n paar dae later huistoe, en moes ek maar dink aan hierdie siekte wat iewers in my buik dalk nog besig was om te versprei, en heel moontlik my einde sou beteken. Daar was nog so baie wat ek wou doen, want niemand is op vier-en-veertig jarige leeftyd reg om van almal afskeid te neem en te sterf nie.

So ‘n paar weke later, met die lang naweek in September vir erfenisdag, het ons besluit om die karavaan te vat en net ‘n bietjie te gaan uitspan buitekant Brits by Kokoriba, ‘n wildsplaas. Ek het so ‘n lekker verkoue, grieperige ding gehad en was op medikasie vir dit. Ek het maar aangegaan of alles normaal was en het saam met die kinders in die water baljaar, tafeltennis gespeel, en soos gewoonlik die kos hanteer. Die Saterdagmiddag het ek besluit om vir ons ‘n potjie aanmekaar te slaan vir die aand aangesien ek maar siekerig was en so ‘n halwe steek pyn in die buik gehad het. Ek het toe maar vir Hettie gevra om na die potjie te kyk want die pyn het al hoe erger geword, en die verkoue ook al hoe erger.

So het die pyn al hewiger geword. Die gesweet en senuagtigheid het toegeneem en die verkoue al erger, en het ek maar pille gevat vir die verkoue en nog pille vir die pyn. Hettie en die kinders was baie besorg oor my wat op die bed gelê het en gekrul het van die pyn. Almal het gedink dit was my einde. Die Sondag het ek ‘n bietjie beter gevoel, en die Maandag het die dokter my gestuur vir ‘n volledige MRI scan net om niks buitengewoon op te spoor nie. Almal het gewonder wat die pyn en senuagtigheid was, maar ek het eers baie jare later uitgevind dat ek meeste van die newe effekte van Ephedrine gehad het die naweek. En natuurlik is dit ook die bestanddeel wat meeste verkoue medisyne van gebruik maak.

So het die dag einde Oktober aangebreek wat ek weer terug is vir die opvolg operasie om te kyk of daar nog gewasse en ander goeters in my was wat nie daar moes wees nie.

Dit was maar 'n lang operasie. Daar is toe nog 24 limfkliere verwyder, en moes ek hoor dat ek vir chemoterapie sou moes gaan aangesien die dokters nie al die kanker kon uitsny nie. 'n Gedeelte is gelos aangesien dit aan die hoof bloedvat was wat al die bloed tussen die dunderm en lewer sit en dit sou beteken dat ek my sou doodbloei indien hulle dit verwyder. En toe word dit aand en het ek vir Hettie en die kinders huistoe laat gaan terwyl ek in die hospitaal kan aansterk.

Teen agtuur die volgende oggend, het daar iets snaaks gebeur. Ek het skielik hierdie pragtige sang gehoor wat ek net as engelesang kan verklaar. Dit was so mooi, en het ek na almal se beddens gestap om te hoor van wie se radio die sang kom, maar kon dit nêrens opspoor nie. Hettie het gekom en sy kon dit nie hoor nie, en is toe maar huistoe want ek was nou nie juis goeie geselskap nie.

En toe, toe sterf ek.

# HOOFSTUK 2 EGIPTE

“Nou, waar is ek nou?”, was die eerste woorde wat ek kon uiter.

Die ou man wat saam by my was antwoord so ewe ongeerg: “Egipte”.

“Huh, nou nie met my die spot dryf nie, ek was dan nou net in Eugene Marias Hospitaal in Pretoria en nou sê jy vir my ek is in Egipte. Ek sien nie piramides nie, so jy is seker nie lekker nie.”

“Nee my vriend, jy is in Egipte. As jy so oor jou skouer kyk dan sal jy jouself nog sien op die bed in die hospitaal, maar jy is so pas dood,” herhaal die ou man wat daar langs my staan.

Nou het hy my aandag gekry. Toe ek so oor die skouer loer, sien ek myself daar op die bed lê, met alles rustig in die kamer. Dit lyk asof ek net baie rustig slaap, nie of ek dood is nie. Nou knyp ek my, slaan myself in die gesig, maar ek word nie wakker uit hierdie nagmerrie nie. Een ding wat nie verander het nie, is dat ek nogsteeds hierdie fantastiese rustige musiek hoor en ervaar. En ek weet nie eers waar dit vandaan kom nie.

Nou draai ek maar om na my metgesel. “Jy sê nou vir my ek is in Egipte, maar hoe kom jy dan tot hierdie gevolgtrekking. Ek is volgens jou nie meer lewendig nie en ek sien nog myself op die hospitaal bed lê, en jy sê ek is in Egipte.”

Die ou man wys na ‘n klip daar neffens hom en wys my ek moet daar gaan sit. Nou kyk hy my so op en af, en dit voel of hy regdeur my kyk met daardie sagte blou oë vol deernis. Ek voel skoon ongemaklik dat ek so kortaf met die vreemde man gepraat het, en laat sak maar my kop om te wys dat ek my regtig skaam oor my optrede. Die ou man kom sit hier langs my, neem my hand in syne, en begin met my te praat.

“Glo jy in die HERE?,” is sy eerste vraag.

“Natuurlik glo ek in die HERE.” Die antwoord het sommer gekom sonder dat ek eers tweemaal gedink het. “Weet jy ek het nooit eers ‘n gedagte gehad of getwyfel of die HERE ooit bestaan nie. Weet jy een van die grootste bewyse vir my was die dag so ‘n paar dae na my seun Barney se ongeluk. Hy was bewusteloos nadat hy voor ‘n motorkar ingehardloop het, en het skedelbreuk, en ‘n gebreekte been opgedoen. Verder is sy linkervoet vergruis met die ongeluk. Ek onthou nog die oggend voor die hospitaal toe ek vir die HERE gevra het dat Hy vir Barney of moes wegvat deur die dood, of dat sy hy bewussyn kon herwin. Weet jy hoe het ek gehuil die oggend toe ek instap in die hospitaal en die suster vir my sê daar is geen verandering by hom nie, maar toe ons in sy saal instap en ek sy hand vat dat hy met so ‘n hoë stemmetjie vir my sê, “More pappa.” Weet jy hoe voel jy? En die eerste keer wat ek kanker gehad het en gebid en gevra het dat die HERE my sal spaar dat ek net my kinders kan groot sien aangesien hulle nog jonk was, en Hy dit gedoen het. En nou vra jy my nog of ek glo? Dink jy regtig dat ek dalk nie in die HERE glo nie?”

“Ja, dit is pragtig wat jy nou net vir my verduidelik het. Ek is so bly om dit te hoor. Maar nou moet ek en jy die pad vat want ek glo nie jy wil hier in Egipte wees nie,” het die ou man my geantwoord.

En daar sê hy alweer dat ek in Egipte is. Iets is regtig nie lekker hier nie. Nou skud ek maar my kop so heen en weer net om seker te maak daar is nie ‘n skroef los hier binne in my kop nie, maar dit klink of alles reg funksioneer. Maar as ek so oor my skouer terug kyk, sien ek nogsteeds myself daar op die hospitaal bed lê, en as ek rondom my kyk lyk dit nogal droog soos die woestyn. Ek sien regtig geen piramiede hier om ons nie, so nou weet ek nie mooi hoe die ou man

nou vir my kan sê dat ons in Egipte is nie. Egipte is dan doer ver in die noorde van Afrika, en ek glo nie dat die mense wat dood is Egipte toe gaan nie, want dan sou iemand hulle mos al raakgesien het. Verbeel jou nou al hierdie dooies wat in Egipte rondloop. Sjoe, dit laat enige spookstorie klink soos 'n feëverhaal.

"Nou voor ons begin, moet jy nou net vir my eers verduidelik van hierdie Egipte storie. Jy sien, ek hou daarvan om goed te verstaan, en as ons nou begin stap dan gaan ek die hele tyd loop en dink of ek is mal, of ek loop saam met iemand wat van looitjie getik is." En so bly ek maar op die klip hier neffens die ou man sit.

"Hoe goed ken jy jou Bybel,? Vra die ou man na 'n rukkie.

"Die hele Bybel,?" vra ek so half huiwerend. "Ek dink ek ken Romeine redelik, want ek het gedurende die afgelope jaar redelik die boek bestudeer en het darem so 'n halwe gedagte dat ek darem die boek onder die knie het. En, o ja Psalms ken ek 'n hele paar van, en dan is daar Spreuke wat ek ook so 'n paar van ken, en dan is daar natuurlik al die verhale wat ek in die Kerk al baie kere al gehoor het, soos Jesus se geboorte, en al die tipe goeters. Dan ken ek ook meeste van die Ou Testament se verhale van Adam af tot Dawid en ek glo ek kan al die name van die Bybelboeke vir jou in volgorde opnoem. Hoekom vra jy?"

"Ek wil weet of jy die Bybel ken?", is al wat hy weer vra.

"Seker nie so goed soos ek gedink het ek ken die Bybel nie, want ek hoor mos elke Sondag 'n preek uit die Bybel, en ek dink as ek te veel goed in die Bybel ken ek dalk verveeld sal rondkyk gedurende die diens. En ek sukkel al hoe lank al om stil te sit tydens die diens want ek het mos nie meer 'n stuitjie nie, en ek het mos al 'n rugfusie gehad waartydens die dokters van my rugwerwels aanmekaar geskroef het." Ek dink dit is nogal 'n goeie rede.

"So jy ken nou nie juis wat die profete van die Ou Testament geskryf het nie?"

"Nee, verseker nie, want dit het mos oor Israel gegaan en al daai goed is mos al lankal vervul." Ek dink ek is nogal vinnig met my antwoorde, en verseker is ek reg.

"Nou as ek vir jou sê dat Sagaria vir jou en al die ander mense wat soos jy glo al gesê het dat julle in Egipte sal opeindig, wat sal jou antwoord wees?" Die ou man lyk of hy die hele dag se tyd het om oor hierdie een ou puntjie met my te gesels, en nou lyk dit vir my soek hy eintlik net geselskap.

So half omgekrap staan ek op voordat ek nou nog verder na die ou man moet luister en kyk om my rond of ek tog nie dalk 'n piramiede raaksien nie, maar dan sien ek net kilometers en kilometers mense wat in die warm hitte sit en rondloop. En daar in die vêrte sien ek ook 'n groot pad met mense wat daarop loop. Nou is ek regtig deurmekaar.

"Nou wat het Sagaria dan vir ons al gesê?", wil ek nou van die ou man weet. Ek kan nouliks my irretasie verbloem.

"En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie."

"Nou is ek regtig deurmekaar." Al wat nou in my kop rondflits is waar die gedeelte wat hy so vinnig kwoteer het in die Bybel staan, en hoekom het ek nog nooit hiervan gehoor nie. Die ou man het nou verseker my aandag gekry.

“Toe ek netnou so rondgekyk het, het ek baie mense gesien, en mense wat op ‘n grootpad daar aan die anderkant weg geloop het weg van hierdie mense af. Wat beteken dit en hoekom het hulle so op ‘n alleen paadjie geloop?”, wil ek nou weet.

“Wat jy gesien het is al die mense wat hier in Egipte is, en hulle is tevrede hier. Hulle gaan elke jaar met die huttefees op na Jerusalem, en dan kom baie van hulle weer terug hier heen vanaf Jerusalem want dit wat hier is, is vir hulle aanvaarbaar en bekend. Die wat jy op die pad gesien stap het, het uitgevind dat hulle nie is waar hulle gedink het hulle is nie, en het besluit om Jesaja se woorde ter harte te neem waar hy sê: En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”

Sjoe, wat die ou man nou vir my vertel het, het my verskriklik deurmekaar. Ek is ‘n ou wat daarvan hou om alles te ondersoek en seker te maak dat alles logies in mekaar pas en werk, maar nou hoor ek so baie goeters wat ek nog nooit in my hele lewe van gehoor het nie. Ek voel nou half soos ‘n dronk weeluis. Ek het nou regtig nie meer ‘n gedagte oor waar ek myself nou bevind nie, en al wat ek weet is dat hierdie ou man wat hier voor my sit met ‘n Job se geduld, my nou baie, baie deurmekaar het.

“Goed, jy sê ek is in Egipte, dat ek dood is, en dat ek hier in Egipte is omdat ek op dieselfde manier glo as al die ander mense wat ek hier sien. Nou kan jy vir my verduidelik hoekom als is soos dit is, want ek kan nou regtig nie verstaan wat aan die gang is nie. So terwyl jy dit doen, kan jy sommer ook vir my vertel hoekom jy my kan verstaan, want ek is Afrikaanssprekend, en as ek so na jou kyk, lyk jy nou nie soos ‘n tipiese Afrikaans sprekende persoon nie.”

“Die laaste vraag is die maklikste om te antwoord”, begin die ou man. “Onthou net daar is nie ‘n Afrikaans sprekende hemel of ‘n Engels sprekende hemel nie. Nee, ons is almal saam en praat almal saam een taal.”

Sjoe, dit is nou nogal goed om te hoor dat die ou man nou net vir my gesê het dat ons in die hemel is. Ek het regtig gedink die hemel is die hemel en Egipte is Egipte. So nou het hy sopas vir my gesê dat Egipte in die hemel is. Ek sal dit nou maar in gedagte moet hou wanneer hy vir my verder gaan probeer oortuig hoekom ek in Egipte is.

“Ons is nou hier in Egipte omdat dit die manier is wat jy glo. Maar gelukkig het ek ‘n opdrag gekry om jou te gaan haal en na Jerusalem te neem, want daar wag ‘n baie belangrike afspraak vir jou daar. Nou kom ons begin by die begin oor hoekom jy in Egipte is. Jy is gebore by jou ouerhuis in Melville in Johannesburg. Is ek reg?”

Sjoe, die ou man lyk my weet iets van my af. “Ja, ek is in tweedelaan Melville gebore en het baie van my kinderdae daar of in die omgewing spandeer.”

“Nou goed. Dink jy dat jy toe al die HERE geken het, of moes jy eers leer wie die HERE is?”

Dit is nou eintlik ‘n dom vraag vir my. Ek kan nou mos nie as baba al die HERE geken het nie. Ek moes dan eers katkisasie toe gegaan het en het eers op hoërskool belydenis van my geloof gedoen en is toe mos aangeneem. Daaroor dat ek hom nou maar antwoord met ‘n kort antwoord. “Nee, ek kon toe nog nie die HERE geken het nie.”

“Toe jy die dag belydenis van jou geloof afgelê het voor die gemeente, wat het dit vir jou beteken?”

"Ek kan goed onthou. Dit was die eerste keer dat ek kon nagmaal gebruik, want ek was toe mos 'n belydende lidmaat van die Kerk. En nagmaal was net vir belydende lidmate."

"En toe?", vra die ou man verder.

"Hoe bedoel jy nou en toe. Ek was mos 'n voorbeeldige lid van die gemeente. Natuurlik het ek die geleentheid gekry om as diaken op die Kerkraad te dien, en later jare as ouderling. Om die waarheid te sê, as ek nou nie dood was nie, was ek nou nog steeds ouderling in ons gemeente."

"So jy het belydenis van jou geloof gedoen, nagmaal gebruik, en lid van julle Kerkverband se Kerkraad geword? Is dit waar jy dink dat dit ophou?"

Sjoe, die ou man weet nou mos regtig wat in my lewe gebeur het. Hy het dan netnou selfs vir my gesê dat ek in Melville gebore is. Nou wat is dit met al hierdie vrae.

"Ja. Ek het mos en gaan nog steeds elke Sondag na die dienste toe, en met ons kinders wat ook so betrokke by die gemeente is, is daar amper nie een dag wat ek nie albei dienste bywoon nie. En dan is ek ook betrokke by ons evangelisasie aksie waar ons die EE3 metode gebruik om die evangelie met mense te deel. So ja, ek dink ek doen alles binne my vermoë en dit wat die HERE van my verwag om te doen."

Nou hoop ek regtig ek het nou al sy vrae beantwoord, en dat hy nou vir my sal sê wat hy op die hart het.

"En wanner is jy gedoop?"

"Jong ek dink dit was hier iewers in November 1951. Ons doppers hou mos daarvan dat ons voor ons ses weke oud is, gedoop word. Ek kan nie veel van die dag onthou nie, want ek was maar 'n baba gewees. Ek weet ons predikant het eendag in die aanneem klas vir my gesê dat ek en Mariaan saam gedoop is. Want sien voor ons belydenis van ons geloof kon aflê moes ons bewys lewer dat ons gedoop is, en ek en Mariaan was die enigstes van die belydenisklas wat in Melville gemeente as babas gedoop was, en dit toe nog op dieselfde dag ook. Maar hoekom vra jy?"

"En nou vra jy my hoekom jy in Egipte is?" Die ou man lyk so asof hy half vies is vir my.

"Nee wag, iewers maak dinge nou nie vir my sin nie. Dit lyk of jy nou nie kan verstaan dat ek jou al hierdie vrae vra nie, en ek kan nie verstaan hoekom jy nie vir my 'n reguit antwoord kan gee nie. Jy bly aan om vir my vrae te vra, maar jy het verseker my inligting iewers gekry, so nou is ek regtig deurmekaar."

Die ou man lyk so asof hy daar doer in die verte in staar, en dan vra hy my alweer 'n vraag. "Toe ek vroeër vir jou uit Sagaria kwoteer het, het jy opgelet na wat ek vir jou gesê het?"

"Jong, ek dink ek was so verbaas gewees dat ek regtig nie nou kan onthou wat jy gesê het nie. Miskien moet jy net weer die vers vir my gee, en dan sal ek vir jou sê of ek die vers verstaan of nie."

"En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie."

"Goed, as ek nou reg geluister het, en jy my nou al die hele tyd probeer oortuig het, is ek nou deel van die mense wat in Egipte is." Ek glo darem ek het die keer goed geluister.

"Wat sê die vers nog, veral die laaste gedeelte?"

"Om die huttefees te vier? Is dit wat jy wil hoor?"

"Presies. Maar kan jy my vertel wat die huttefees is?"

"Ek dink nie ek kan nie. Dit was een of ander fees wat die Israeliete moes vier. Ek weet nie waaroor dit gegaan het nie, en dit was nooit nodig vir my om te weet nie. Ek kan onthou dat mense wat oorkant my swaer gebly het daaroor gepraat het en dat hulle een jaar palmtakke op hul balkon gehad het. Hy het toe vir my gesê die mense is in die een of ander sekte en vier die loofhuttefees. Maar dit is al."

"So jy weet nie hoekom dit gevier is nie?"

"Nee."

"Onthou jy dat Moses vir ons opgeteken het hoe die HERE vir Israel uit Egipte laat trek het, het Hy hulle deur die see gevat en toe hulle met 'n wolk in die dag en 'n vuurkolom in die nag gely het weg van Egipte af. Moses het toe die volgende opdrag van die HERE gekry: En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God."

"Goed, nou weet ek hoekom Israel dit moes vier, maar ek is nie deel van Israel nie. Ek is ''n Suid Afrikaner en soos jy self al vir my gesê het, ek is in Melville gebore, verseker nie in Egipte of Israel nie."

Die ou man gee so 'n halwe sug, want hy sien nou dat hy 'n lang pad voor hom het om my te oortuig, en dan moet ons nog na Jerusalem toe gaan.

"Kom ek verduidelik vir jou so 'n paar geestelike waarhede. Paulus skryf vir ons in Hebreërs hoofstuk 6 dat daar 'n paar basiese beginsels is wat mense moet weet, en wat hulle moet leer. Hy beskryf dit so: Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel."

My metgesel gaan na so 'n rukkie voort: "So alle mense moet tot bekering kom, glo dat net God hulle kan verlos, gedoop word, leer van genesing en doping in die Heilige Gees, en dan weet wat gebeur met mense wanneer hulle sterf en waaroor die opstanding van die dooies en die ewige oordeel handel. Die HERE het Israel na Egipte toe gevat waar hulle weg van hom gewees het. Hulle moes toe uitroep na Hom vir hulp, so hulle moes besef dat net die HERE hulle kon help, en toe het Hy hulle uit Egipte uitgelei. Die huttefees is ingestel om hierdie geleentheid te herdenk."

"So is dit ook met alle mense," gaan hy voort. " Almal word in Egipte gebore, 'n lewe sonder en verwyder van die HERE. Die mens moet dan uitroep om weg te kom van die oorheersing van die Farao, of wie hy eintlik is, die duiwel. So daar moet bekering kom. Dan moet jy deel word van die verbond deur die Nagmaal te vier. As ons dan na beide Israel en Paulus se beginsels kyk, moet ons uit Egipte trek deur gedoop te word."

"Verstaan jy nou hoekom jy in Egipte is, en wat die huttefees is?"

"Sjoe, dit was nou 'n hele mondvol," is al wat ek op die oomblik kan uitkry. G'n wonder dat die ou man so kort van draad was toe ek hom gevra het oor Egipte nie. Ek is dan eers gedoop en toe deel van die verbond geword met my belydenis aflegging. Dit is dan nou glad nie die volgorde wat ons in Hebreërs kry nie, en ook nie wat ons uit Israel se geskiedenis leer nie.

"So wat jy nou vir my verduidelik het is dat ek in Egipte sit omdat ek nie gedoop is nadat ek belydenis van my geloof afgelê het nie, en dat al hierdie mense hier in Egipte saam met my sit omdat hulle almal nooit gedoop is na hulle belydenis van hulle geloof afgelê het nie."

"So ons is in die hemel, maar dat daar 'n Egipte in die hemel ook is. So ek kan nou maar ophou om te kyk of ek dalk 'n piramiede iewers gewaar." Ek is nou half verlig, maar baie deurmekaar.

"Dit is nou net soos jy daar gesê het", sê die ou man en begin so stadig opstaan om aan te beweeg.

"Maar wat nou van Jesus? Het Hy nie gekom en die hele Ou Testament vervang met die Nuwe Testament nie?" Ek glo mos dat Jesus die Verlosser was, so dit pas verseker nie in hierdie verhaal nie.

"Hier gaan ons alweer. Dink jy Jesus het die hele Ou Testament vervang?", wil my bejaarde vriend weet.

"Ek is dan geleer dat Israel wel vir die HERE geken het, maar dat hulle Hom nie geglo het nie en daarom is ons nou Sy kinders. Ons moet net gedoop word, belydenis van ons geloof aflê, en dan is ons reg. En ek is mos 'n Nuwe Testamentiese Christen." Ek dink my antwoord is so naastenby soos ek dit verstaan.

"Hoekom moes Jesus sterwe?, wil die ou man nou weer weet.

"Hy het mos vir ons sondes kom betaal. Daarom dat ons Hom as ons Verlosser ken", is my vinnige antwoord.

"En hoekom moes Hy vir ons sondes sterf?"

My metgesel het definitief meer vrae as antwoorde, lyk dit vir my. "Omdat die Bybel so sê," is my antwoord. Ek kan nou mos nie vir hom elke vers in die Bybel opsê nie.

"Jy is heeltemal reg, maar dit lyk my nie jy verstaan die verbond van die HERE nie. Dit lyk my hier kom nou weer 'n lang verduideliking vir jou." Die ou man gaan sit maar weer op die klip.

Dan begin hy. "Die tabernakel wat Moses moes maak, en waar Israel aanhoudend moes in offer, het gegaan daaroor dat daar offers gedoen moes word sodat die mense se sondes vergewe kon word. Met die uittog uit Egipte moes al die Israeliete onder die bloed van die lam kom sodat hulle nie sou sterf nie. Dit is die offer wat Jesus kom vervul het. Hy het gesterf sodat ons nie meer aanhoudend moes offer nie. Hy het eenkeer in die Heiligdom in gegaan en vir almal se sondes betaal. So al wat ons moet doen is om onder die bloed van die Lam, Jesus Christus, te kom. Dan is ons deel van die verbondsvolk van die HERE, en is elke belofte ja en amen. Verstaan jy nou wat Jesus moes kom doen?"

"Soort van." Ek verstaan nou nie heeltemal nie, maar dit maak nogal sin wat ek nou net gehoor het.

"En selfs in Moses se tyd is daar al vir ons as vreemdelinge voorsiening gemaak: Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. 'n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die

aangesig van die HERE wees. Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. So Jesus het nie die Ou Testament kom vervang nie."

"Ek sien", kom my antwoord. "Maar hoe weet ek jy is reg?"

"Jesus het self gesê: Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."

"Sjoe, ek moet nou erken ek het verseker al meer in hierdie tydjie geleer as wat ek in jare geleer het. Ek wens net ek het vroeër hiervan uitgevind, dan was ek dalk op 'n ander plek."

"Maar onthou jy, ek het vir jou gesê ek het jou kom haal want jy het 'n afspraak in Jerusalem? So ek en jy moet nou begin stap sodat ons op daardie pad kan kom wat jy vroeër oor gevra het."

"Maar wat nou van die uitverkiesingsleer wat ek so baie van geleer het in die Kerk? Waar pas dit dan nou in met dit wat jy vir my verduidelik het?", vra ek want ek is seker van my feite want ek het dit mos vir jare geleer.

"Dit, my liewe vriend, sal jy eers oor 'n lang tyd kan verstaan. Glo my net dat jy nog die antwoord sal kry, maar dit kan nog lank vat, en daardie ekstra tyd het ons nie nou nie. Nee, ons moet ons nou haas om in Jerusalem te kom."

En met die woorde begin ons aan te stap op die pad voor ons.

# HOOFSTUK 3 ASSIRIË

“Wat is jou naam?”, wil ek van my metgesel weet so terwyl ons aanstap.

“Dit maak regtig nie saak nie”, kom sy antwoord. “Jy sal nog wel uitvind wie ek is.”

Die ou man mag dalk bietjie stadig wees om te verduidelik, maar eintlik is hy baie vriendelik. Soos ons deur die mense stap om by die grootpad uit te kom, groet almal hom, asof hulle hom al jare ken. Ek het self so hier en daar bekendes gesien. Nie dat ons kon gesels nie, want die ou man is nou op ‘n missie, en dit is om my in Jerusalem te kry. Waar Jerusalem hier is weet ek nie, en hoe die hemel verder lyk het ek ook nie ‘n idee van nie.

Skielik is dit net ons twee weer op die pad. Daar in die verte sien ek nog ‘n man stap, so asof hy weet hy moet saam met ons gaan.

“Aangename kennis, Louwrens is my naam,” groet ek die vreemdeling wat by ons aansluit.

“Alex is my naam. Aangename kennis. Het julle ouens dalk vir my ‘n bietjie water. Ek stap nou al die hele dag en het nog niks te ete of te drinke gehad nie.”

Nou dat hy daarvan praat, ek het ook nog nie iets geëet of gedrink nie, maar tog is ek nie honger of dors nie.

“Nee ek het niks by my nie. Ek en die man hier by my stap ook al lank saam, maar soos ek met hom praat, het ek agtergekom dat ek nie dors of honger word nie.”

“Maar in elk geval, waar kom jy vandaan? Ek het uitgevind ek kom van Egipte af. Weet jy hoe jy gesterf het?” Nou het ek darem ander geselskap ook en is ek bly dat ek iemand kan ontmoet wat uit ‘n ander rigting af kom.

“Ek het gesterf toe my groot vragmotor van die pad geloop het in Alaska. Ek weet nou nie hoekom dit gebeur het nie, want ek vra altyd dat Jesus my sal beskerm. Maar vandag het my vragmotor op die ys gegly en het ek oor die afgrond na benede geval.”

“Sjoe dit is erg” was my antwoord. “Nou van watter deel kom jy? Ek het so geskrik toe die ou man vir my sê ek is in Egipte, en daarna het dit hom eers ‘n lang tyd gevat om vir my te verduidelik hoekom ek daar gewees het.”

“Ja, ek is net so verbaas. Die mense daar sê vir my dat ek in Assirië is. Weet jy waar is Assirië?”

“Ek neem aan na aanleiding van my gesprek vroeër met die ou man dat jy ook gedink het dat jy net in die hemel gaan wees, en ook nie geweet het dat daar verskillende plekke is nie.”

“Verseker nie”’ antwoord Alex my. “Maar iemand het my daar na ‘n pad gewys wat ek glo moet loop as ek in Jerusalem wil kom. Hy het net ‘n vers kwoteer wat glo sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”

“Klink vir my bekend. Die ou man het vir my presies dieselfde vers gekwoteer. Maar vertel my, in watter Kerk was jy toe jy gelewe het?”

“Ek was in die grootste Kerk op aarde, die Rooms Katolieke Kerk.”

“So Alex jy was ‘n katoliek en jy eindig op in Assirië. Hoe het dit gebeur?”

"Ek weet nie. Miskien kan die ou man my ook uit my verbasing help soos hy met jou gedoen het. Maar ek het eers 'n ander vraag. Waar is Gary, die fotograaf wat altyd saam met my in die trok gery het? Weet enigeen van julle?"

Die ou man kyk vir Alex diep in die oë. Ek kan sien daar is regtig 'n groot deernis by die ou man te bespeur toe hy vir Alex antwoord. "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding."

Alex slaan sy hande saam en prewel. "Ek het so baie met hom gepraat oor die HERE terwyl ons gery het, en hy het my altyd half uitgelag as ek so baie gebid het dat die HERE ons sal beskerm op die pad. Sjoe. Dit is baie erg vir my."

Weer kom die ou man tot my redding wanneer hy die stilte verbreek met die woorde; "Want elkeen sal sy eie pak dra."

Dit is nogal troos woorde vir my ook om te hoor dat elke persoon self moet besluit wat met hom of haar gaan gebeur. As ek maar net geweet het van hierdie Egipte storie, sou ek mos anders opgetree het. Maar die tyd rol aan, ek moet in Jerusalem kom en Alex se vrae moet nog beantwoord word.

Die ou man gaan sit weer op 'n klip daar langs die pad en wink ons nader. "Kom sit hier by my dat ek julle kan vertel van Assirië. Dit kan nogal 'n lang verduidelik wees, so julle moet maar geduldig wees met my. Alex, jy moet maar vir Louwrens vra of ek sy vrae almal sommer net direk beantwoord het, en of ek eers 'n storie gehad het."

"Ja dit is so", antwoord ek vinnig. "Ek moes eers leer van die huttefees voordat ek geleer het hoekom ek in Egipte was."

"Nou kom ons kyk na Assirië. Wie van julle twee weet iets van Assirië?"

Alex is nogal vinnig met sy antwoord. "Dit was mos die gebied wat Babel en later Ninevé as hoofstad gehad het, en waar die legende afgespeel het van Nimrod en Semiramis. Ek weet daarvan want ek hou nogal van lees en veral om oor die legendes van die verskillende volke te lees wat oor dieselfde onderwerp gaan. As ek so alleen in my vragmotor was en moes wag vir die weer of vir vrag om gelaai te word, het ek altyd gelees."

"Baie goed geantwoord Alex. Ek het net gedag ek sal nou 'n lang verduideliking moet gee, maar as jy die storie ken dan help dit sommer baie. Wat kan jy onthou van haar seun?" vra die ou man.

"Daar is verskillende weergawes van die verhaal. Volgens sommige persone het sy vir Nimrod vermoor en toe gesê dat die gode Nimrod terug gegee het vir haar as seun, en dan is daar weer ander wat sê dat hy sy ma laat vermoor het. Maar wat het dit nou met my te doen?"

Jy het tereg gesê dat haar seun glo deur die gode terug gegee is en dat dit eers Nimrod was. Wat toe gebeur het is dat baie van haar volgelinge haar en haar seun as gode gesien het, en hulle aanbid het", verduidelik die ou man.

"Ja ek het ook al van die gelees", antwoord Alex die ou man.

"Nou het die Roomse Katolieke kerk ook vir Maria, wat net 'n maagd was, verhoog soos die mense vir Semiramis verhoog het, en aanbid nou ook vir Maria. Maria word mos as heilig aanskou, en is deur jou Kerk as die moeder van God ook beskryf. So hulle het met Maria gemaak wat Assirië met Semiramis gemaak het. Nou aanbid die Roomse Kerk mos die moeder en kind beeld. Dit is die rede dat julle in Assirië opgeëindig het."

“En julle glo ook mos soos Louwrens se mense dat babas gedoop moet word, so dit is hoekom julle in dieselfde gebied lê. En die profeet Jesaja het mos gesê: In dié dag sal daar ‘n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien.”

“Waar kom u aan al die gedeeltes wat u so vir ons kan aanhaal”, vra ek nuuskierig.

“Onthou jy Louwrens dat ek jou gevra het of jy die Bybel ken. Wel, ek het dit my werk gemaak op aarde om die Bybel te ken, en die res is ‘n gawe van die HERE, dat Hy vir my op die regte oomblik die regte aanhaling gee. Maar jy moet ook onthou dat die Heilige Gees net kan gebruik wat binne jou is. Soos jy weet Louwrens, ken jy maar min dinge in die Bybel, so die Heilige Gees kon nie vir jou baie goed openbaar gemaak het nie. Maar ek glo dat as jy baie geken het, jy ‘n baie beter insig in die werking van die HERE gehad het.”

“Dit is waar, feite, dis wat dit is, feite”, klink dit skielik uit my mond uit. Ek het skoon geskrik want ek het nie gedink dat ek die woorde so sal gebruik nie. Mense wat ons ken gebruik altyd die uitdrukking, en as ek die woorde hoor dan dink ek altyd aan hulle.

“Nou het dit tyd geword dat ons weer moet aanbeweeg. Ons kan nie die hele tyd hier op die klippe sit en gesels nie, ons moet in Jerusalem kom, en glo my, julle twee wil baie graag die stad sien.”

En daarmee staan my ou vriend op en begin aan te stap op die pad wat voor ons uit kronkel tot doer in die vêrte.

# HOOFSTUK 4 EDOM

“Hoe vêr nog voordat ons in Jerusalem kom”, vra ek nadat ons oor die eerste heuwel gegaan het.

“Nog ‘n hele entjie”, kom die antwoord van die ou man. “Ons moet nou nog eers verby Edom gaan en vir Mike kry.”

Na ‘n paar minute van stilte, waar ons elkeen met ons eie gedagtes mee worstel, sien ek skielik iemand wat van ‘n ander pad by ons gaan aansluit. Dit is seker die man wat die ou man van gepraat het, dink ek so in my stilte.

“Maar jou gesig lyk vir my bekend”, sê ek vir die man toe hy nader aan ons kom. “Jy is mos Mike, die ou wat ek by die orgideëklub ontmoet het. Wat maak jy hier, en waar kom jy nou vandaan?”

“Louwrens? Is dit jy? Ek het jou nou al vir jare nie weer gesien nie. Sê vir my ek droom, want ek weet nie waar ek is nie. Ek het vanoggend wakker geword met so ‘n brandpyn in my borskas. Al wat ek kan onthou is dat my vrou my laat sit het in die bank in die sitkamer en gesê het sy gaan die ambulans bel. Toe ek my oë uitvee sien ek al hierdie mense om my. Ek het hulle gevra waar ek is. Met die antwoord hulle my dat ek in Edom is. Verbeel jou dit, Edom?”

“Sjoe, dit lyk my ons ouens het almal ‘n baie groot ontnugtering gehad vandag.” En om te dink Mike is ook hier saam met my. Dit moet vir die Jood ‘n groot ontnugtering wees. Maar kan hy hier saam met my in die hemel wees? Hy is dan ‘n Jood. Net Christene kan mos in die hemel kom. Na hierdie storie wil ek goed luister.

“Nou hoe het jy op die paadjie gekom”, wil ek weet.

“Ek het ons destydse Rabbi gevra wat daar saam met my was. Dit is hy wat vir my gesê het dat ek in Edom was. Ek het hom toe mooi verduidelik dat ek wil in Jerusalem wil wees. Hy het so ‘n klomp goed kwyt geraak oor hoe dit die laaste plek is waar ek graag sal wil wees, en het toe net na die pad gewys. So, nou is ek hier.”

Ek moet sê dit lyk my nie of Mike weet wat aangaan nie, so ons sal maar sien wat vorentoe gaan gebeur. Ek is nogal bly om vir Mike hier te sien, ons het altyd so lekker gesels.

“Weet jy wat in Jerusalem vir jou wag?”, vra die ou man skielik vir Mike. “Weet jy wie is almal daar, en weet jy wie is Koning daar?”

“Nee, ek weet nie. Maar ek is altyd geleer dat ons as Jode daar sal wees. En ek wil graag vir koning Dawid sien, en vir vader Abraham, en al die ou Joodse voorgangers. Dit is hoekom ek daar wil wees en nie in Edom nie. Edom is mos al Esau se nasate en ek is verseker ‘n nasaat van Jakob, so ek weet nie hoe ek daar opgeëindig het nie.” Ou Mike lyk regtig deurmekaar.

“Die Jerusalem wat hier is, is vir al die Christene wat alles gedoen het wat van hulle verwag is om die verbond van hulle kant af na te kom. Soos Johannes in Openbaring sê: Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”

“Wat!! Wil jy my sê dat Jesus van die Christene daar regeer. Maar ek is dan geleer dat ons Messias nog moet kom, en dit is hoekom ek na Jerusalem wou gaan, sodat ek hom kon inwag. Nou sê jy vir my dat Jesus was die Messias gewees en dat hy reeds daar regeer. Ek glo dit nie.

Vertel my dan nou hoekom ek in Edom was." Mike is nou baie omgekrap. Ek glo nie ek het hom al ooit so gesien nie.

Die ou man kyk so stip voor hom uit toe hy vir Mike antwoord. "Jy weet dat Esau en Jakob broers was, en dat Esau sy eersgebore reg verkoop het aan Jakob, jou voorganger. Jy weet ook dat Esau se nasate in die gebied Edom gebly het. Wel, net soos Esau sy reg verkoop het om erfgenaam te wees van Vader Abraham, net so het julle dit gedoen deur nie te glo dat Jesus die Christus is nie. Dit het veroorsaak dat julle in Edom opgeëindig het. Paulus sê ook in Romeine: Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."

"So as ek met julle saamstap gaan ek moet leer om Christus te dien en my Joodse afkoms sal ek moet aflê? Is dit wat jy vir my sê?" vra Mike weer.

"Nie heeltemal nie, en dit is glad nie moeilik nie." Gaan die ou man voort. "Jy ken tog die verbond wat die HERE met Abraham gemaak het, en dat julle nog elke keer wat julle die pasga vier, hoop dat julle verlosser moet kom. Wel, Christus was die Verlosser van die hele wêreld, en daaroor moet jy Hom net erken as die volmaakte offer en aanbeweeg, want die Nuwe verbond is gebou op beter beloftes. Op Christus self wat as offer lam geslag is. God se koninkryk is nie van die aarde nie, maar in die hemel."

"Sjoe, dit is 'n groot ding wat jy nou vra. Ek dink ek sal maar eers weer terug stap en by my rabbi gaan hoor wat ek nou moet doen." En met die draai hy om en stap so stadig terug na Edom. Die ou voete sleep so deur die grond en jy kan sien hy is diep teleurgesteld deur die gesprek wat ons gehad het, en dat hy nou in 'n twee stryd verkeer. Ek hoop regtig dat Mike tog sal besluit om die pad na Jerusalem aan te vat.

"Wat sal nou van Mike word as hy besluit om in Edom te bly?", vra ek die ou man terwyl ons weer begin stap na Jerusalem.

"Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom. En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop."

"Dan is daar ook 'n gedeelte in Openbaring wat sê: En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige."

"Sjoe dit is erg. Is jy seker dit is wat sal gebeur?" Ek kan nie glo wat hierdie persoon nou so pas vir my gesê het nie.

"Niemand het jou ooit gesê dat om Christen te wees net maanskyn en rose is nie. En verder is onse God 'n regverdige God. Esegiël verklaar juis: Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die

goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek dan miskien ‘n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe.”

“Het die HERE dan vir Israel verwerp?. Dit is tog so dat daar ‘n spesiaale plek in die Bybel vir Israel is en dat hulle tog op die ou einde gered sal word”, wil ek weet.

“Dit is so dat baie mense verwag dat daar nog ‘n tyd moet kom dat die huidige Jode vir Jesus kan aansien vir wie hy is”, gaan die ou man voort. “Maar hulle het ‘n aardse verlosser verwag, en nie vir Jesus nie. Dit is hoekom dit so moeilik vir hulle is om weer in Jerusalem te kom. Hulle kry nou presies dieselfde geleentheid as al die mense op aarde om deel van die Nuwe Verbond te word, en sal soos al die ander mense wat nie deel word van die Nuwe Verbond word nie, verlore gaan. Dit is hoekom ek uit Jesaja vir jou kwoteer het vroeër. Want hulle hou nogsteeds die Ou Verbond in stand, die dat jy nou vir Mike gesien het. Maar hulle moet eers deel word van die Nuwe Verbond, dan sal hulle deel hê aan die Jerusalem waarheen ons nou op pad is. Vir nou, sit hulle hier in Edom”.

Sjoe. Nou voel ek so skuldig dat ek nooit eers probeer het om vir Mike te oortuig dat Jesus die Christus is nie. Ek hoop maar net dat hy nog tyd sal kry om weer op ons paadjie na Jerusalem te kom, en dat hy van sy besluit sal verander. Daar is nou so ‘n somber stemming terwyl ons aanstap, so asof ons sopas iemand aan die dood afgestaan het.

Maar daar is nog stede voor ons, en nog mense om te ontmoet, voor ons in Jerusalem kan kom.

# HOOFSTUK 5 AMMON EN MOAB

"Weet jy ek raak nou nogal moeg van al die loop. Jy het vir my gesê ons moet Jerusalem toe gaan want ek het 'n afspraak daar, maar al wat ek sover gesien het was Egipte, Assirië en Edom. Hoe ver nog voordat ons in Jerusalem kom?, " wil ek van my metgesel weet.

"Jy moet maar geduldig wees. Ons is nog nie eers in Israel nie. Ons moet nog verby Moab en Ammon gaan, dan kom ons eers in Israel. En daar in Israel moet ons nog verby Sidon en Tirus gaan, en dan kom ons eers in Jerusalem. Maar glo my, jy wil Jerusalem nie mis nie. Jy sal daar sien dat alles vir jou die moeite werd was. Maar kom laat ons nou maar aanstaltes maak, anders kom ons nooit in Jerusalem nie." My metgesel staan op en begin aan te stap.

"Weet jy, ek is nou nogal deurmekaar. Jy het gesê toe jy my die eerste keer gesien het dat ek in Egipte is, en nou noem jy al hierdie gebiede se name op wat sover ek weet in Israel se geskiedenis 'n rol gespeel het. Dit maak my nou heeltemal deurmekaar, want ek weet nou nie of ek in die hemel is, en of ek op die aarde is nie. Sou Jesus nie Sy koninkryk op aarde kom vestig het nie, en dan sou Hy mos dit aan die Vader oorhandig aan die einde van die duisendjarige vrederyk nie?" Ek verstaan nou regtig nie wat my metgesel vir my gesê het nie. Ek voel nou soos die spreekwoordelike dronkweeluis.

Die ou man los so 'n harde sug en gaan sit maar weer op 'n rots so langs die pad. "Nou waar het jy geleer dat Jesus se koninkryk op die aarde gaan wees?", wil die ou man van my weet.

Nou moet ek dit vir hóm leer. Hy is dan die een met al die antwoorde, en nou vra hy vir my vrae. "Sjoe, natuurlik moet Jesus mos kom om die lewendes en die dooies te oordeel, dit is tog wat die Bybel ons leer," is my antwoord.

My metgesel skud sy kop en antwoord. "Jesus het hoeveel male in die Nuwe Testament gesê: Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie." Hy het nie gesê dat Hy weer op aarde moet kom heers nie, Hy het gepraat van die koninkryk in die hemele. En dit is mos waar ons nou is. Hy is mos reeds Hoof van die koninkryk in die hemel. Hy het mos nie nodig om weer aarde toe te kom nie. Dink bietjie, jy is nou in die hemel en oppad na Sy troon in Jerusalem. Verstaan jy, daar is nie 'n weer aarde toe kom en dan daar regeer nie. Hy regeer al in Jerusalem van die dag wat Hy opgestaan het uit die dood. Dit is tog wat Hy vir julle gesê het."

"O, jammer dat ek so oningelig klink en seker is, maar as jy nie vra nie gaan jy nooit leer nie," antwoord ek maar. "Dan moet ons seker aangaan." Daarmee staan ons op en stap al verder op die pad voor ons uit.

"Watter gedeelte is dit daar anderkant?", wil ek nuuskierig weet.

"Dit is die land van Moab en Ammon. As jy mooi kyk sal jy sien daar is so 'n effense skeiding tussen die twee gebiede, maar hulle is baie na aan mekaar."

"Ek sien nie 'n pad wat daar vandaan na ons pad toe kom nie. Gaan hulle dan op 'n ander pad na Jerusalem?" Ek mag mos vra want ek wil leer.

"Nee daar is nie 'n ander pad nie. Hulle is in hul gebied en sal nooit daaruit kon nie. Dit was Moses se opdrag aan die Israeliete toe hulle verby Moab gegaan het: Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie. Dit is omdat hulle jou nie van kos en water

voorsien het toe julle uit Egipte getrek het nie en hulle vir Bileam seun van Beor uit Petor in Mesopotamië gehuur het om jou te vervloek."

"Wag nou so 'n bietjie. Elke keer wat jy al hierdie aanhalings vir my kwoteer maak jy my net nog meer deurmekaar. Hierdie vers het nou mos betrekking op die mense van die Ou Testament, verseker nou mos nie op mense wat vandag daar woon nie. So was daar so baie mense van Moab en Ammon?" My arme kop is nou goed deurmekaar.

"Jy weet nou mos al teen die tyd dat waar die mense fisies bly nie die oorsaak is van waar hulle bly in die hemel nie. Jy weet mos die manier wat die mense glo maak die verskil. Is jy met my sovêr?"

"Ja, ek dink ek is nog huidiglik by jou. My gedagtes het al weer hasepad gekies sonder om te dink. Maar nou, wie is die mense dan vandag wat in Moab en Ammon opeindig?"

My metgesel gaan sit maar weer dat hy nou eers vir ons die storie kan verduidelik.

Soos gewoonlik begin hy weer met 'n vraag. "Weet julle hoekom Moses die bevel vir Israel gegee het?"

Ek kyk na Alex en hy skud ook sy kop. So dit lyk my hier het nie een van ons twee 'n antwoord nie. "Nee," sê ek maar later, "ek het nog nooit eers die geskiedenis van die gebeure gehoor nie want dit was seker nie nodig om te weet nie."

"Ek dink tog julle het al die geskiedenis gehoor. Kan julle die verhaal van die donkie wat kon praat onthou?"

"O ja, ek kan die storie onthou. Ons het die storie as kind geleer dat die donkie vir Bileam gevra het hoekom hy hom slaan. En toe sien die donkie mos engele voor hom, en toe eers het Bileam dit gesien. Nou onthou ek so bietjie van die verhaal. Maar wat het dit met Moab en Ammon te doen wat daar ver op die horison lê", wil ek weet.

"Dit het alles daarmee te doen", kom die ou man se antwoord. "Onthou dat die koning van Moab vir Bileam gekry het om Israel te vervloek, maar die HERE het gemaak dat Bileam hulle drie keer geseën het. Verder in die geskiedenis het hulle tog vir Israel ingesyfer en so het hulle Israel laat sondig. En ons lees in die profete dat hulle bly was oor Israel se straf wat die HERE hulle mee gestraf het."

"Hoeveel groepe is daar nie wat ook vir hulle 'n profeet kry en hom volg nie. Dan geniet hulle dit wanneer ware Christene dit moeilik het en verbly hulle eintlik daar in. Julle is tog bewus van baie groepe wat leer dat julle eerder gehoor moet gee aan hulle geskrifte as aan die Bybel, want hulle leier het mos die woorde self by die HERE gekry en daarom mag dit verskil van die Bybel?"

"O ja", antwoord ek vinnig. "Ek onthou eendag het my pa sommer kwaad geword toe ek met 'n boek van een van die groepe aankom en hy dit gesien het. Hy het dit summier van my af weg gevat en ek het dit nooit weer gesien nie. Ek was toe nog jonk en het verseker nie met my pa eers probeer redeneer daaroor nie. Ek het toe eers later jare gehoor waaroor die groep gaan, maar was toe reeds goed gevestig in wat ek geglo het."

"En dan is daar weer ander wat sê dat alhoewel hulle in Jesus as verlosser glo, dat Christenskap soos enige ander geloof is." Gaan die ou man voort sonder om eers te dink. "Hulle het ook baie keer mense in hulle gemeentes wat nie die HERE eers ken nie, en allerhande snaakse goed doen wat ons in die Oosterse mistiese godsdienste kry."

"Ek het nou regtig nie geweet dat die mense in die land van Moab en Ammon gaan bly nie", antwoord ek my metgesel.

"Ja", antwoord Alex ook. "Daar is nogal baie groepe waaraan ek kan dink wat hierdie beskrywing pas. Daar was mos ook al baie gevalle waar die groepe mos saam selfmoord ook gepleeg het?", wil Alex ook weet.

"Ja", antwoord die ou man. "Dit is die mense wat so fanaties agter hulle sogenaamde profeet aanloop, wat daar anderkant bly. Julle moet ook net onthou dat daar wel 'n verskil is tussen Egipte en Moab. Die Egiptiese mense glo nog steeds dat Jesus die verlosser is, maar die in Moab en Ammon, ontken hom as Messias."

Met die staan hy sommer op en begin aan te loop. "Nou moet ons aanstaltes maak want nou lê Kanaän vir ons voor daar anderkant oor die hoogte daar voor. En julle sal sommer die verskil kan sien as ons daar aankom."

# HOOFSTUK 6 SIDON EN TIRUS

“Kyk net hoe mooi word die landskap nou!”, roep ek uit. Orals voor my is die rustig met gras en water en wingerde, amper so ver soos die oog kan sien.

“Ja, dit is nogsteeds vir my ‘n pragtrige gesig as ek so oor die bult kom en sien hoe die beloofde land so voor ons lê,” sê die ou man. So in dieselfde sin draai die ou man om en wys vir ons die twee stede na aan die see aan die linkerkant van die land. “Die twee stede daar is Tirus en Sidon, en dit is waar die manne woeker vir ‘n inkomste.”

Ek moet sê dit is vir my amper onmoontlik om te beskryf hoe mooi die omgewing skielik geraak het. Dit is so fasineerend om te dink dat net agter die berg was die mense opgewonde en vrolik, maar hulle het in ‘n barre landskap gesit, en nou skielik hier oor die hoogte is dit so dramaties anders.

“Sjoe, ek kan nie glo wat ek sien nie. Dit is so ‘n groot verskil van vroeër wat ons ervaar het. Hoekom is die mense dan so gesëen?” wil ek by my metgesel weet. “Hoekom is daar so ‘n groot verskil tussen die vorige lanstreke en die wat nou hier voor my uitstrek?”

“Wat dink julle is die verskil?”, wil die ou man van my en Alex weet.

“Ek neem aan hulle glo seker anders as die mense wat ons voorheen gesien het”, is my antwoord. “Dit was nog elke keer die geval, so ek neem aan die mense het ook anders geglo as wat die voriges geglo het”.

“Heeltemal reg Louwrens”, antwoord die ou man my. “Maar hoe dink julle het die mense geglo. Wat dink jy het hulle gedoen wat die ander mense nie gedoen het nie?”

“Sjoe, al weer hierdie moeilike vrae wat ek nou weer antwoorde voor moet kry. Ek dink ek gaan maar erken ek weet nie hoekom dit hier so lyk nie, om nie eers te praat van hoekom die mense in Sidon en Tirus is nie. Hulle leef dan in so ‘n mooi land, dat ek sou aanneem dat dit nou Jerusalem moes wees.” Weereens bevestig ek maar net weer dat ek nie veel van die Bybel af weet nie, anders sou ek dalk deel kon wees van die groep, of wie weet, dalk sou ek nog in Jerusalem kon wees.

My ou metgesel gaan sit weer op ‘n klip langs die pad en beduie dat ons ook maar moet gaan sit. Dan staan hy op en loop na een van die wingerde hier langs ons en kom tevoorskyn met ‘n tros druiwe wat ek nie kan glo hoe groot hierdie korrels en trosse is nie.

Dit laat my dink aan ‘n geleentheid baie lank gelede toe ek die eerste keer saam met Hettie, ons was toe nog nie eers getroud nie, na haar suster in die Langkloof gegaan het. Toe ons so verby haar swaer se appelkoosbome ry kon ek my oë nie glo nie, want die appelkose aan sy bome het vir my amper so groot soos taaipit perskes gelyk, net die kleur en vorm was verskillend. Jy kon beswaarlik een in ‘n koppie se mond inpas, so groot was hulle gewees. Ek het toe uitgevind dit was uitvoer gehalte appelkose, en nie bestem vir die plaaslike mark nie.

“Maar nou, watter tipe druiwe is dit die?” Ek kan my verbasing nie wegsteek nie, want ek is regtig oorweldig deur hierdie tros wat die ou man in sy hand het.

“Kan julle onthou van die Israeliete wat verspieders gestuur het na Kanaän nadat hulle uit Egipte weg getrek het?”

“O ja,” antwoord Alex. “Die ouens het toe mos terug gekom met sulke groot trosse druiwe.”

“Onthou julle die gedeelte”, gaan ons bejaarde metgesel voort. “Daarop het hulle tot by die dal Eskol gekom en daar ‘n rank met een tros druiwe afgesny, en twee het dit aan ‘n draagstok gedra; ook van die granate en van die vye.”

“Ek het nogal van daardie gedeelte gehou as kind by die katkisasie. Ek het so gewonder hoe daardie druiwe gelyk het, en nou, nou sien ek dit met my eie twee oë”, kom die woorde half stotterend by my uit.

“Ja,” bevestig die ou man dit. “Dit is die vrugte van die land wat die HERE vir al Sy kinders belowe het. ‘n Land wat oorloop van melk en heuning.”

“So hierdie is nou die beloofde land as ek jou reg verstaan. Maar hoekom is daar dan nog steeds verskillende gedeeltes,” wil ek van my metgesel weet.

“Nie alles is altyd wat dit voorgee om te wees nie.” Die ou man staar so reguit voor hom uit. “Louwrens, kan jy onthou wat ek vir jou genoem het hoekom jy in Egipte was?”

“Ek dink so. Ek het mos deel geword van die verbond maar is mos nooit gedoop nie, of ek het dit in die verkeerde volgorde gedoen.”

“Dis reg Louwrens. En wat dink jy gebeur met die mense wat eers deel word van die verbond en dan gedoop word? Dink jy hulle is ook in Egipte, of watter gedeelte dink jy is hulle in?”

Nogal ‘n goeie vraag, dink ek so by myself. Ek het nog nie gedink wat van die mense geword het nie.

“Ek weet hulle is nie in Egipte nie, want as ek die geskiedenis reg onthou het Israel mos uit Egipte getrek net na al die eersgeborenes deur die doodsengel getref is.”

“Weereens help die geskiedenis wat jy geleer het. Waar is die Israeliete toe heen?”

“Hulle het toe mos deur die woestyn getrek en het toe die keuse gekry om in die beloofde land in te trek. Dit was mos toe dat hulle die druiwe gesien het, maar ook bang was vir die sterk nasies wat hulle moes oorwin voor hulle hulself kon vestig, en het toe mos vir veertig jaar in die woestyn rond geswerf.”

“Ek moet sê ek is beindruk met jou kennis Louwrens”, gaan die ou man voort. “So waar dink jy sou hulle wees as hulle dit nie gedoen het nie?”

“Seker maar in die beloofde land.”

“Waar is ons nou?” vra die ou man weer.

“So jy wil vir my sê dat as ek gedoop was sou ek hier gewees het? Ek kan nie glo dat dit so ‘n groot verskil sou maak nie.” Nou is ek redelik verbaas.

“Ja”, bevestig my metgesel, “dit is waar jy sou gewees het. Maar nou moet ek vir jou sê dat selfs hier in die beloofde land is daar verskillende plekke waar die mense is.”

“Ek het so agter gekom. Want so ‘n rukkie gelede het jy vir my gesê dat ons nog nie in Jerusalem is nie, en dat Sidon en Tirus nog daar links van ons is. Daar by die see se kant.”

“Kom ons hoor van Alan hoe lyk dit daar in Tirus,” sê die ou man skielik.

Ek het nou so groot geskrik. Ek het nie eers gesien dat hier nog iemand by ons aangesluit het nie. Ek moet sê die persoon lyk sommer of hy baie gelukkig is, want sy hele gemoed straal van vreugde.

"Aangename kennis, ek is Louwrens", groet ek eerste. "En die ou hier langs my is Alex. Ons stap nou al 'n lang pad saam. Van doer anderkant in Assirië. En ek kom van Egipte af." Met dit steek ek my hand uit om vir Alan te groet.

"Aangename kennis, Louwrens en Alex. Sê my is julle ook op pad na Jerusalem toe?" wil Alan by ons hoor.

"Ja", antwoord Alex. "Ons het gedag ons is in die hemel toe ons sterf en nou leer ons van al hierdie verskillende plekke wat hier is. Maar vertel ons gou, hoe het dit gekom dat jy daar van Tirus en Sidon se kant af aangekom het?"

"Ek was 'n pastoor in die Kerk in Engeland. Ek het elke week gepreek oor hoe mense hulle moet bekeer van hulle verkeerde weë. Ons het elke maand 'n doop diens gehad waar ons die nuwe bekeerlinge gedoop het. Ons het vir die mense hande opgelê om die Heilige Gees te ontvang. Die mense het in tale gepraat en geprofeteer. So ja ek dink ek het nogal alles gedoen wat ek gedink het die Bybel vir ons leer om te doen. Toe ek nou vanoggend sterf het ek so uitgesien na my ontmoeting met almal in Jerusalem dat ek skoon teleurgesteld was toe ek agterkom ek is in Tirus. Ek weet dit lyk fantasties hier, alles is so groen en rustig, maar ek kan nou nog nie uitvind hoekom ek in Tirus is nie. Is die hemel nie maar net die hemel nie?"

Alan lyk ook seker maar soos ek gelyk het toe ek uitvind het dat ek in Egipte was.

Selfs ek kan die vraag al vir Alan beantwoord. "Nie alles is soos ons gedink het nie. Dit kan ek jou verseker. Hier by jou is dit rustig en groen. Daar waar ek my bevind het, het dit soos 'n woestyn gelyk. Alles was droog en vaal. En tog het ek uitgevind dat ek in die hemel is. So jy moet baie bly wees dat dit hier so lyk. Vra maar vir Alex. Daar by hom in Assirië was dit maar dieselfde as in Egipte."

Alan lyk nou nog meer deurmekaar. "Louwrens, jy was in Egipte, en Alex, jy was in Assirië. Nou weet julle hoekom julle daar was?"

Alex kom tot ons redding. "Ja Alan, maar jy sien ek was in die Rooms Katolieke Kerk in Louwrens in 'n Protestantse Kerk, die dat ons in Egipte en Assirië gewees het."

"WAAATTT!!!", roep Alan skielik uit. "Alex maar jy is mos deel van die Antichris, dit kan nie waar wees dat jy hier is nie."

Ek moet erken Alan lyk nou regtig baie omgekrap. "Ek het dan self al vir hoeveel mense verduidelik hoekom die Roomse Kerk die antichris is en nou sien ek jou hier saam met my in die hemel. Ek neem aan ek is in die hemel?', vra hy skielik hier na my ou metgesel se kant toe.

"Ja Alan. Jy is in die hemel. Jy hoef regtig nie omgekrap te wees oor Alex nie. Hy is oppad na Jerusalem om te leer oor Jesus, en wat die verbond met Jesus vir ons almal beteken. Onthou jy wat Jesaja geskryf het oor die mense wat sal opgaan na Jerusalem?"

"O, jy bedoel die vers as ek reg onthou klink so iets: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. Is dit die gedeelte wat jy van praat?"

“Dit is presies die gedeelte wat ek van praat. Ek neem aan dit is ook wat jy wil gaan doen?”

“Ja dit is so,” antwoord Alan. “Maar ek kan nou nog nie uitwerk hoekom ek in Tirus opgeëindig het nie. Dit is hoekom ek na Jerusalem wil gaan want iewers het iemand ‘n fout begaan. Dit is onmoontlik dat ek nie in Jerusalem is nie.” Alan lyk nogsteeds of hy nie mooi verstaan nie.

“Wag nou net so ‘n bietjie Alan voordat jy sommer aanval”, antwoord die ou man. ‘Ek wil jou graag so ‘n paar vrae vra en dan kan jy self besluit.”

“Dan moet jy maar vra. Jy sal dan self agterkom dat hier iewers ‘n groot fout is.”

“Kom ons begin. Waarvoor was Tirus en Sidon bekend in die Bybelse tydperk? Weet jy Alan?”

“Ek dink hulle het handel gedryf met al die nasies om hulle. As ek reg onthou was hulle die hoofstad van handel dryf, om dit nou so te stel. Ek onthou toe Salamo die tempel gebou het, het van die hout ook uit Tirus gekom wat daar aangekoop was.”

Ek moet sê ek is nogal beïndruk met hierdie pastoor Alan. Hy ken verseker sy Bybel as hy al die goed weet. Ek sou verseker nie die ou man kon antwoord nie.

“Nou Alan, hoeveel Christelike boekwinkels het julle gemeente bedryf?” Die ou man lyk heel rustig terwyl hy vir Alan se antwoord wag.

“O, behalwe vir die een wat ons by ons gemeente se kompleks bedryf het, was daar nog vier ander winkels. Om die waarheid te sê het die winkels ‘n baie groot deel van ons gemeente se inkomste in gebring. Sonder die winkels sou ons verseker nie ons kompleks kon ontwikkel het nie, en sou ons nooit soveel lidmate gehad het nie. Om nie eers te praat van die salarisse van al die pastore wat ons het nie. Verseker is die winkels baie belangrik vir ons as gemeente. ‘n Mens kan half en half sê dat om die winkels te bedryf ons belangrikste taak was. Want daardeur kon ons Bybels verkoop, en al die boeke oor Christenskap, en natuurlik al die DVD’s en CD’s van al die gospel sterre, en dit het mos die mense na ons gemeente getrek sodat ons hulle van Jesus kon vertel.”

“Alan so jy stem saam met my dat die mense net julle dienste moes bywoon om deel van julle gemeente te word?”.

“O ja, en natuurlik moes hulle ons belydenis aanvaar sodat niemand skielik in opstand sou kom teen ons interpretasie van die Bybel nie, en dan moes hulle hul tiende gee. As hulle nie dit gedoen het nie was hulle nie deel van ons gemeente nie en kon hulle nie deel in die programme wat ons aanbied nie.”

“Nou vertel my gou hoe het julle nou persone gekry om deel van die HERE se koninkryk te word? Jy het mos vroeër gesê hulle moes mos gedoop word, en nou sê jy hulle moes julle geloofsbelydenis aanvaar. Wat is nou die verskil?”, is die ou man se volgende vraag.

“Dit is baie maklik. Ek of een van die ander pastore het gewoonlik aan die einde van die diens gevra of daar iemand is wat Jesus wou aanneem as hulle persoonlike verlosser. Dan het ek die mense gevra om na die podium toe te kom, vir hulle voor gegaan in gebed waarin hulle nou verklaar het dat hulle Jesus aanneem, en dan was dit klaar.” Ek moet sê Alan lyk baie oortuig van sy standpunt, so ek dink hy het goed geantwoord.

“En wat dan van doop?, wil die ou man verder weet.

"O dit is mos die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees sal hul mos die mense oortuig dat hulle gedoop moes word. Ons het net seker gemaak dat hulle nie verlore gegaan het nie. Na ons gebed was die mense mos deel van Jesus se koninkryk en dan was hul mos gered."

"So jy gee nou te kenne dat al julle lidmate in die hemel moet wees." Die ou man lyk nou so half onseker of Alan hom nou reg verstaan het.

"Verseker. Dit is hoekom ek nie kan glo dat ek in Tirus is nie. Ek het dan as, ek reg onthou, seker meer as twintig duisend mense na Jesus gely op die manier. Ek het darem verwag dat ek 'n verwelkomings kommittee sou kry met my afsterwe. Dit is hoekom ek Jerusalem toe wil gaan, want iewers is daar 'n misverstand." Die pastoor lyk my wil nie verstaan wat hier aangaan nie. Ek moet sê ek is ook nogal oorbluf.

"Verstaan jy nie hoekom jy in Tirus is nie?" Dit lyk my die ou man het 'n heel verskillende begrip as wat die pastoor het. "Wat het Esegiël geprofeteer teen Tirus? Kan jy dit onthou?"

"Nee, want ek het mos nie daarin belang gestel nie. Ek het mos nie nodig om dit te geweet het nie."

"Die profeet het mos die volgende gesê: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word,. Onthou jy die gedeelte? Is dit nie wat julle doen nie? Julle verklaar mos dat almal wat na julle toe kom gered is. Nou het julle mos die poorte na julle toe gedraai. En julle weet mos van handeldryf. Julle boekwinkels is mos vol van allerhande goeters wat julle kan verkoop. Net solank julle wins maak. Jy het nou mos self gesê sonder julle handel dryf sou julle nie kon bestaan nie. Lukas beskryf dan reeds vir ons in Handelinge die volgende: En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. Nou sê jy julle het bygevoeg. Hoe strook dit nou met die gedeelte?" Die ou man lyk regtig baie ernstig terwyl hy met die pastoor praat.

"So jy wil nou vir my sê Tirus van Esegiël is nie Tirus van die geskiedenis nie, maar Tirus hier in die hemel? So ek is in Tirus omdat ek handel gedryf het met die Woord van die HERE? En dat ek mense lidmate van ons gemeente gemaak het wat nie noodwendig in die hemel gaan wees nie? Is dit wat jy vir my nou laat verstaan?" Die pastoor lyk heeltemal geskok terwyl hy die woorde uiter.

"Ek is bly jy verstaan", kom die antwoord van die ou man. Nou kan jy by ons aansluit sodat ons in Jerusalem kan kom.

Alan skop so met die een voet na 'n denkbeeldige bal hier voor hom, en draai dan maar na ons toe en begin so stadig saam met ons stap.

"Ek wil nou graag iets anders vra. Jy weet mos ek is mos maar 'n nuuskierige ou. Ja, my pa het altyd gesê ek is 'n nuuskierige agie. Maar ek het ook geleer daar is nooit so iets soos 'n dom vraag nie. Ons het 'n uitdrukking by die huis dat jy net dom is as jy nie 'n vraag vra nie, want jy is nie dom nie, jy weet net nie die antwoord omdat jy nooit gevra het nie."

Sover lyk dit my darem of almal nog met my is.

"Al hierdie mense wat hier so in groepies bly, wie is hulle nou? Aan watter volk behoort hulle nou? Hulle lyk vir my heel gelukkig."

"Jy is reg Louwrens. Die mense is gelukkig hier. Die grondgebied is Efraim. Hulle woon so in groepies want elkeen van hulle het maar vir hulle 'n leier aangestel om oor hulle te heers. Nou is dit die leier se verantwoordelikheid om vir hulle in te tree. Onthou jy soos Israel gemaak het toe

hulle in Kanaän gekom het en gesê het hulle wil 'n koning hê? Dit is die mense wat jy hier sien, maar weet jy wat?"

Die ou man klink nou half opgewonde toe hy met my gepraat het.

"Nee wat moet ek nou weet? Jy weet mos ek moet nog baie leer, so wat is dit nou wat jou so opgewonde maak?" Ek kan die geluk sien straal uit my metgesel se hele wese. Maar ek weet nou nie wat hom so gelukkig maak nie.

"Kyk voor jou. Daar na die regterkant toe. Dit is die poort van Efraim. Dit is waarna ons oppad is. Daardie gloed wat jy daar voor sien. Dit is die glorie van die HERE wat oor al die inwoners van Jerusalem skyn."

# HOOFSTUK 7 JERUSALEM

Toe ek op kyk kan ek myself nie help nie. Ek val op my knieë neer en bars in trane uit, want dit is ‘n gesig wat ek nooit ooit in my lewe sal vergeet nie. Nee dit is nie soos iets wat ek ooit vir iemand kan beskryf nie. En toe begin die woorde van ‘n lied wat ek as kind baie lief voor was, in my kop en deur my hele liggaam ego, die woorde van Skrifberyming 45:

1. Hy het my die stad getoon,
groot en van die hemel dalend,
en, deur God se ligglans skoon,
soos 'n kleurgesteente stralend,
helder soos 'n kristallyn
wat in al sy klaarheid skyn.

2. Rondom rys, gedug in krag,
twaalftal poorte in die mure.
Elkeen voor sy poort op wag,
staan die eng'le, glansfigure.
Bo hul blink, in vlammespel,
twaalf stamname uit Israel.

3. Lokkend staan die poorte oop,
oop na al die wêreldoorde,
dat die nasies toe kan loop:
van die suide en van die noorde
en vandaar waar son en maan
nie meer op- en ondergaan.

4. Uit die diepte omhoog geskraag,
rys die muur as skut en wering;
en daaronder, laag naas laag,
lê die ewige fondering.
Van die Lam se apostelskaar
straal daaruit die name klaar.

5. In die stad se mate was
daar geen kleinheid en geen engte.
Van die klimmende terras
het die hoogte aan breedte en lengte
in sy maat geheel gelyk,
tot die hemelblou gereik

6. En die muur was swaar van bou
wat die grote stad omring het;
glanse soos van môredou
was die glans wat dit deurdring het.
En die stad se boustof was
goud, deurskynend net soos glas.

7. Fondamente uit edelsteen
was dit wat die stad omlyn het.
Pêrelpoorte daaromheen,
wat met sagte lig geskyn het.
Goudbane al die strate was,
maar deursigtig, blink soos glas

8. Maar 'n tempel, skoon van bou
(aan wat was nog steeds gedagtig!)
het my oog nie daar aanskou;
want die Here God almagtiig
is sy tempel, en die Lam
is die helder altaarvlam.

9. En geen lig van son en maan,
wat hul wentel langs die transe,
sal daar op- en ondergaan:
God self skyn daar met sy glanse,
en die Lam is self die lig
waar 'n eewge nag voor swig.

10. Nasies, vry van die gerig,
kom uit nuwe wêreldlande
om te wandel in die lig.
Konings bring hul offerande
uit 'n volle wêreldskat:
eer en glorie, in die stad.

11. Vir 'n nag van skrik en vrees
word die poorte nie gesluit nie,
want daar sal geen nag meer wees
en geen klaag- of skrikgeluid nie.
Heerlikheid en eer alleen
trek dan deur die poorte heen.

12. Daar sal in die heiligdom
niemand wat die kwaad bedrywe,
ooit of immer binnekom.
Hul van wie die naam geskrywe
in die Lewensboek sal staan,
hulle sal daar binnegaan.

Na ‘n ruk kom die ou man na my en help my weer op voete. Ek moet erken dat ek nie so iets te wagte was nie. Nee, ek het as kind gewonder, en later jare vir myself probeer om ‘n prentjie te maak van hoe Jerusalem lyk, maar niks wat ek ooit kon dink of droom kan vergelyk word met dit wat ek voor my sien nie. Nou is daar nie keer aan my nie, ek wil nou sommer net hardloop om by daardie poort te kom sodat ek kan ingaan in hierdie wonderlike gesig wat hier voor my is. Niks het my ooit voorberei vir hierdie gesig nie.

My metgesel kom staan hier langs my, hou my styf vas, en draai dan in die rigting van Jerusalem. “Kom laat ons aanstaltes maak om daar te kom. By die poort sal ons instruksies kry wat van ons verwag word.”

“Kyk net na al die mense!! Waar kom almal vandaan? Net waar jy kyk is daar paaie met mense wat daar na Jerusalem toe gaan.” Ek is so opgewonde want ek gaan nou ook sien wat in Jerusalem aangaan. Ek kan nie wag om daar te kom nie. Ek moet erken dit is nie net ek wat opgewonde is nie. Alex en Alan hier by my is in dieselfde verwondering as wat ek is. ‘n Mens kan sommer sien hulle het ook uitgesien na hierdie oomblik wat nou besig is om te gebeur.

“Ja”, antwoord die ou man hier by ons. “Julle mense het mos ‘n uitdrukking dat alle paaie lei na Rome. Wel hier sien julle dit is nie so nie. Alle paaie hier lei na Jerusalem.”

Dit is nogal waar, dink ek. Sover as wat die oog strek sien ek net mense in wit klere wat besig is om na Jerusalem te gaan. Dit is seker ‘n gesig wat ek nooit in my lewe sal vergeet nie, dink ek so by myself.

“Nou wie is dit wat hier so vinnig na ons toe aankom?” Ek het regtig nie die persoon sien aankom nie. Nou wonder ek maar wat hy hier by ons kom maak. Dit lyk vir my of die persoon iets vir ons metgesel verduidelik, maar hulle staan te ver van my af, so ek kan nou ook nie hoor wat hulle bespreek nie. Dan, net so skielik as wat hierdie boodskapper verskyn het, draai hy weer om en verdwyn in die menigte mense hier voor ons.

My metgesel gaan sit weer op ‘n klip daar aan die kant van die pad en wink vir my om nader te kom. Waaroor kan dit nou wees? Ons het dan ‘n afspraak in Jerusalem.

“Louwrens, vertel my so ‘n bietjie meer oor jou. Ek wil nou presies hoor wat met jou gebeur het toe julle net na die Natalse Suidkus toe verhuis het.”

Ek kyk so ‘n bietjie rond want die vraag het my nogal onkant gevang. “Waarvan wil jy graag weet? Daar het baie met ons gebeur daardie tyd. My ma het toe in die ouetehuis in Winklespruit kom bly en so het ons as huisgesin baie na aan haar gekom. Die kinders het so uitgesien daarna dat hulle Sondae na die diens vir ouma by die huis kon hê, en dat sy eers weer na die aanddiens terug is na die ouetehuis. Is dit waarvan jy praat?”

“Nee, dit is nie wat ek nou gehoor het nie. Was jy nie ook in die hospitaal daardie tyd nie?”

“Ja, ek was daardie tyd in die hospitaal. Die dokters het toe ‘n kanker gewas uit my blaas gesny, maar gelukkig het dit geen newe effekte gehad nie. Ek is ook drie jaar later aangesê dat ek nie nodig het vir verdere toetse nie.”

“Kan jy onthou wat jy gedurende daardie tyd gebid het?”

Ek kry sommer weer ‘n knop in my keel as ek terug dink aan daardie tyd. “Ja, ek kan. Weet jy daardie tyd was my jongste dogter nog nie eers op skool nie. Weet jy hoe het ek in gebed vir die HERE gesmeek dat ek net vir haar en die ander kinders gespaar kon word totdat hulle op hul eie kon aangaan?”

“Ek het so gedink,” kom dit van die ou man. “So dit is waaroor alles gaan.”

Nou is ek heeltemal verdwaas. Hy kyk my met soveel deernis aan dat ek skoon voel dat ek sommer gaan uitbars in trane. Wat probeer hy nou vir my sê? Ek sien so uit na die afspraak in Jerusalem. Ek hoop nou regtig nie daar het iets voorgeval nie.

“Wel, dit is die probleem,” begin hy na ‘n lang ruk se stilte. “Hoe oud is die jongste dogter nou?”

“O sy is nou veertien. Ook al groot geword. Verbeel jou dat sy al ook in die hoërskool is.”

“Nou Louwrens, ek het so pas gehoor dat die HERE nogsteeds daardie gebed van jou verhoor vandag. Ons gaan hier van jou moet afskeid neem, sodat jy weer terug kan gaan na jou gesin, en jou kinders kan groot maak. Ek weet jy het baie uitgesien na Jerusalem, maar jou vrou is alreeds weer by die hospitaal. En o ja, jy het my met ons ontmoeting gevra wat my naam is. Wel, ek is Moses”

“Moses!!!” Die woorde voel of dit hier uit my binneste uitkom. Kan dit wees dat ek met Moses gepraat het?

“Vir wat skreeu jy so. Jy sal al die mense in die hospitaal wakker maak. Wat gaan met jou aan? Dit lyk of jy ‘n spook gesien het. Moet ek die suster vir jou gaan roep?”

Die stem klink so bekend. Kan dit Hettie wees wat nou met my praat? Ek maak my oë oop, en ja sowaar, hier sit vroulief langs my en die ander gaste in die saal kyk so met groot oë na my.

“Wat het jy gesien of gedroom?” wil Hettie by my weet.

“Ag sommer niks. Ek was in iets soos ‘n wildsuitkyk gewees soos wat jy by baie wildsplase kry waar jy daar bo in die lug is sodat die diere hier onder jou kan deur beweeg en jy ook sommer ver oor die bome en grasvlaktes kan sien. Toe het ek so ‘n groot massa mense gesien met wit klere wat loop na wat ek seker maar dink ‘n berg was. Ons was drie persone saam in die uitkyk gewees. Ek het net geweet die een was Jesus en die ander een Moses, maar verder weet ek nie. Ek sal maar vir Dr. Dawie vra of hy dalk weet wat dit beteken.”

As die mense maar net weet............

Ns.

Dr. Dawie se antwoord was dat ek maar die gebeurtenis vergeet en aangaan met my lewe sodat ek nie in die groendakkies op eindig nie.

# OPSOMMING EN UITLEG

Jesus self bevestig wat ek hier vir u uitgebeeld het in Mattheus. "Mat 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, **en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke**, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Twintigjaar later het ek eers die uitleg van die gesig gekry van die wildsuitkyk. Om uit te vind wat dit beteken en waar ek die uitleg volledig beskryf, sal u vind in die boek : Die verbond van Geregtigheid, wat u ook kan aflaai waar u die boek afgelaai het, of op my webtuiste by http://www.shama.org.za. Dit is ook volledig ingesluit as inleiding in die boek van Moses, wat ook beskikbaar is as eboek, soos al my ander boeke.

We are trying to raise funds to buy a vehicle in order for us to be able to get to the shops 60 km away on our own. We lost our car due to what I would call absolutely bad service from a person at a Volvo dealership who would not let us use our warrantee when I had to get someone to stop a water leak from the air conditioner into the driver side footwell. I was told when I took it in to get fixed that I should have used a MIF accredited dealer of which there apparently was two that I could have used. They were Tiger Wheel and Tyre and SupaQuick. Now I do not know how someone who fits tyres could work as a workshop to temporarily fix my car 120 km from the agent. So I ended up giving the car back to the bank when even after paying out of my own pocket to get the car working after it blew a gasket originally after the temporary fix, the same thing happened while driving it six months later and blowing the top gasket again. So I referred Nedbank to Volvo Eastern Cape and that was the end of the story. But it left me without a car, as I am totally disabled due to NET cancer.

I would also like to say that all my savings for my retirement went down the drain due to Black Economic Empowerment (BEE) which is a racially inclusive programme launched by the South African government to redress the inequalities of apartheid by giving black people (African, Coloureds and Indians) South African citizens economic privileges that were taken away from Whites. As I am white I could not continue with my business and when you are dismissed at 49 years old, your savings only last for a few years, especially when it was used it to start my own business and was stopped for a second time when I was told that I could not continue my business on my own and I had to use consultants that my clients wanted which would have bankrupted me within six months.

So now after 23 years after being diagnosed the first time with NET cancer and nearly six years after having had to stop working all together as my condition has deteriorated to a point where I cannot leave home without a wheelchair, we would like to get an older car, before electronics, that we can use to move around.

So our aim is to raise around R45,000 or $ 3,000 to be able to achieve this. I was hoping by making my books available for free on my website that it would supply us with an income, but now ten years after starting it I have only received 1 donation of R50 ($3) despite the fact that more than 1000 books are downloaded on a monthly basis. I also designed and made calendars available to our worldwide NET cancer community which has now been downloaded more that 1000 per annum without any donation.

You can either donate on our website which will accept funds in US $ up to a maximum of around $ 600, or at our donation page at Payfast which will allow you to donate in ZAR.

The links are: US Dollars: http://shamaministries.org.za/wp/shop/

South African Rands: https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries

Wie is ons?

Ons is Louwrens en Hettie Erasmus, persone wat deur die HERE geroep is om 'n verskil in mense se lewens te maak. Hettie doen al vir byna haar hele lewe innerlike genesing met stukkende mense, en het verskeie formele kursusse bygewoon en kwalifikasies ontvang, maar word nog steeds dag vir dag deur die Heilige Gees gelei en geleer.

Ekself is maar die ou wat die skryfwerk doen. So het ek heelwat geskryf oor wat Hy vir my gewys het, en ook hoe die Heilige Gees my gelei het om op die regte tyd die boodskap wat ek gekry het, neer te skryf.

Ongelukkig het ek Carcinoid kanker vir die afgelope 21 jaar al, maar dit het nou 'n drastiese verandering aan my lewenskwaliteit en ander omstandighede tot gevolg, soveel so dat ek nie meer my normale werk kan doen en so 'n inkomste vir ons kan verdien nie. Ons het 'n fondsinsameling van stapel gestuur om te help met onkostes en daaglikse oorlewing aangesien ons eie fondse dit nie meer kan dek nie, en ek geen werk kan verrig nie. Indien u 'n bedrae wil maak kan u dit doen op twee plekke. Die eerste plek is by die mense wat ons betalings hanteer op ons webtuiste en ons so ondersteun. Hulle bladsy is by

https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries

U kan ook op ons webtuiste bydra by http://shamaministries.org.za/wp/product/carcinoid-cancer-project/

Ek kan net noem dat van die meer as 30,000 boeke wat afgelaai is, teen 'n tempo van so tussen 200 en 400 per maand, ek graag ander persone se name wil sien as net die een persoon van Nieu- Seeland wat oor die afgelope 7 jaar een bydrae vir ons gegee het.

Meeste van die boeke is vir uitgewers voorgelê vir publikasie, maar hulle publiseer slegs dagstukkies en boeke van bekende persone wat NIE mense laat dink of bestaande beginsels bevraagteken nie.

Alle kwotasies uit die 1953 vertaling, beklemtoning self bygevoeg

Webtuiste: http://www.shama.org.za

Bediening Blog: www.shamaministries.blogspot.com

Persoonlike Blog: http://louwrense.blogspot.com Wat in my lewe aangaan en hoe ek my stryd teen kanker veg.

Epos adres: louwrens at shama dot org dot za Vervang maar die woorde met die tekens soos in 'n normale epos adres. Dit word maar gedoen om gemorspos tot 'n minimum te beperk.

Gratis boeke beskikbaar wat ek geskryf het:

- Nuutste boek – Jesaja se verklaring van die Kerk in die tyd van die Nuwe Verbond. In die boek behandel ek hoofstuk vir hoofstuk die eerste 35 hoofstukke van Jesaja om vir ons te wys wat Jesaja gesien het, en hoe dit vir ons as Christene vandag gebruik kan word om nie net die geskiedenis te beskryf nie, maar ook hoe hy die eindtyd van die wêreld en die oordele van die verskillende gemeente tipes gesien het, asook wat met die ongelowiges gaan gebeur. Laai dit hier af.

- Die boek van Moses. Die boek neem u stap vir stap deur die hele proses wat ek hier in kort verduidelik het. Verder beantwoord dit ook baie ander vrae wat ek as Christen elke dag het. So is die boek ingedeel in hoofde wat handel oor die beginsels waarop ons geloof gebaseer is, wat beteken bekering, geloof, doop, liefde ens. Verder kyk ek ook na meer algemene vrae soos hoe maak ek my kinders volgens die Bybel se standaarde en riglyne groot, oor my finansies en die Kerk, oor seksualisme, Vigs ens. Dan is daar ook 'n gedeelte wat ek kyk na wie of wat Kerk is, hoe ek as lidmaat 'n leraar kan beoordeel en sommer nog baie ander vrae. Die laaste gedeelte kyk ek na hoe die hemel daarna uitsien, gebaseer op dit wat ek in die boek vinnig aangeraak het. Laai dit hier af.

- Is Egipte in die Hemel? Die boek is gebaseer op my lewe, wat ek ervaar het die eerste keer wat ek 'n baie groot operasie gehad het om kanker te verwyder, en is deels waar, en dan so 'n bietjie fiksie om te verduidelik wat ons in die hemel kan verwag. Laai dit hier af.

- Ontwaak jy wat slaap. Die boek kyk na die uitverkiesingsleer, en dan wat die gevolge daarvan is. Dit is ook die ingesluit in die Boek van Moses as 'n aparte gedeelte, maar is ook afsonderlik beskikbaar. Laai dit hier af.

- Kenmerke van 'n Christen. Hoe moet my optrede as Christen wees. Moet die wêreld kan sien dat ek 'n Christen is? Wat is die invloed van die HERE op my daaglikse lewens wandel. Laai dit hier af.

- Die Verbond van Geregtigheid. Die boek beskryf vir ons volledig wat die verbond vir ons as Christene beteken. Jesus het gesê dat Hy gekom het om te vervul, en nie om nuwe lerings te bring nie. Die boek neem u stap vir stap deur die proses van wat Jesus kom doen het om die verbond te vervul, asook wat die uitwerking daarvan op ons huidige groeperings binne Christendom beteken. Glo my, na u die boek gelees het en besef wat Jesus kom doen het, sal u lewe nooit weer dieselfde wees nie. Dit is as deel 2 van die boek ingesluit. Laai dit hier af.

- Die Openbaring van die Openbaring van Johannes. Die boek bekyk die boek deur die bril van Israel as voorbeeld vir ons en wat die gevolge is vir ons as Christene is. Dit is nie 'n boek oor al vandag se gebeure en wie en wanneer die antichris gaan verskyn nie, maar neem Israel as voorbeeld, en hoe dinge dan vandag daar uit sien. Ek kan net noem dat dit absoluut verskillend is van enige van die sienspunte wat vandag gehuldig word. Maar, dan moet ons onthou dat meeste van die standpunte vandag iewers in die Roomse Kerk hul oorsprong het. Almal gebruik glad nie Israel as voorbeeld nie, want dan maak ons 'n hele boks vol wurms oop. Laai dit hier af.

- Op 'n drafstap deur Romeine. DIe boek neem u op 'n tog deur Romeine en lig uit hoekom Paulus die boek geskryf het, vir wie dit bedoel was, en wat hy graag persoonlik vir hulle wil oordra aangesien daar verskille onder die mense alreeds was. Die gemeentes is reeds deur ander persone begin, en het Paulus vir hulle geskryf dat hy graag self wou kom om hulle te leer, maar dat hy dit ook per brief aan hulle kan oordra. U kan die boek hier aflaai.

- Die eerste boek vir 2018 is getiteld Oor Strykelblokke en Hoekstene. Ek ky na wat die Bybel vir ons uitwys as struikelblokke, en wie die ware Hoeksteen is waarop ons moet bou as Kerk. Dit kyk op 'n kritiese wyse na Christendom oor die jare, wie en wat die eerste Kerk was, en wat Kerk vir ons vandag beteken. Ek kyk na die eerste jare van Paulus, Barnabas en Petrus, die reformasie gedurende die tyd van Luther en Calvyn, en

dan beskryf ek wat Jesus as hoeksteen beteken, en hoe ons verder kan bou op Petrus as die steen wat Jesus vir ons beskryf het. Die boek kan hier afgelaai word.

- Matteus 24 en 25 – Olyfberg boodskap van Jesus verduidelik. In die kort gedeelte verduidelik ek die twee hoofstukke uit 'n oogpunt soos ek glo Jesus dit bedoel het. Eerstens kyk ek na hoe Jesus die geskiedenis sien tot en met die wederkoms, en dan watter maatstawwe Hy gaan gebruik om Sy skape van die bokke te skei. U kan die boek hier aflaai.

- Jode – Kerk of Nasie? In die kort oorsig kyk ek na die verwysings na Israel as nasie, of was hulle die Ou Verbond se Kerk? Daar is sovele verkeerde boodskappe wat die wêreld ingestuur word, ek glo ek dat hierdie studie u net so sal skok soos dit my geskok het. Dit is seker ook die grootste rede vir die bestaan van die antichris leerstelling van die wegraping. U kan dit hier aflaai.

- Boeke deur ander skrywers wat ook hier beskikbaar is. Die uitleg van drome is altyd 'n onderwerp wat redelike debatte ontketen. Ek het 'n boek wat Bybelse tekste en beelde as basis gebruik hier beskikbaar, asook een boek wat ek na verwys binne van my boeke, "The Epistle of Barnabas by Mark" ook hierbeskikbaar. Verder sal u ook die handleiding vind wat ek by ons Bybelskool gebruik het hier

- Dan is daar ook 'n klomp korter artikels wat beskikbaar is op my webtuiste by ander onderwerpe.
    - Israelvisie of British-Israel World Federation
    - Hoe versprei ek die evangelie van Jesus Christus?
    - Die agt deugde van die mees suksesvolste Christenne
    - Wie verkondig jy? Die vermoorde of die moordenaar?
    - Begrawe of veras?
    - Die Huwelik – my trou preek
    - Die Sabbat? Wat is dit en wat beteken dit vir ons as Christene?
    - Hoe beoordeel ek as Christen die dinge van die dag?
    - Hoe gemaak met mense wat hulle self as Christene uitgee, maar tog ander Christene uitbuit
    - Die Jode in Handelinge
    - Hoe tree jy as Christen op?

- DVD's Daar is ook 'n hele paar van die boeke wat ek as DVD's opgeneem het, en wat gebaseer is op die eboek met dieselfde naam, maar waar addisionele inligting ook beskikbaar is. Die DVD's is self opgeneem en is beskikbaar in volledige HD (high definition) formaat. Dit kan as volledige DVD's bestel word deur my te kontak by louwrens at shama dot org dot za. Die kostes beloop R400 per stel van 3 DVD's en word deur Speed Services van poskantoor na poskantoor gestuur.

- Youtube Die videos wat ek opgeneem het kan ook gratis gekyk word op youtube by https://www.youtube.com/user/LouwErasmus